# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Moedersdag

5 MEI 2023 | JAARGANG 21

UITGAWE **07**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Visionering | **Besluit van die Buitengewone Sinodesitting 2023**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **'n Reeks oor musiek en sang in die erediens**

04 JST | ***The Journal of Systematic Theology* Volume 1 | Uitgawe 1-10**

04 Netwerke | **JONK Vrystaat!**

04 **Belydenisklasse van NG Kerk Fichardtpark en RCA kuier oor en weer**

04 **Vrystaat Vroueleraars Retreat**

04 Afrika-Ekumene | **Mobiele kliniek in Mosambiek**

## 06 DIS 'N RING-DING

06 Ringsprojekte | **Ring van Goudveld bring positiewe verandering in gemeenskappe**

## 07 MEDIATEEK

07 Publikasie | ***We believe in the Holy Spirit***

07 Inventaris

## 08 EKOLOGIE

08 13 Mei 2023 | ***World Migratory Bird Day* (WMBD)**

## 09 AKTUEEL ALGEMEEN

09 Gelukkige Moedersdag

10 Advertensies

11 CLF | **Pinksterreeks 2023**

## 12 OPLEIDING

## 13 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 14 KALENDER

## 15 BETREKKINGS

## 16 VERJAARSDAE

## 17 'N LAASTE GEDAGTE

## 18 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Dr Suzanne van der Merwe | Dr Henco vd Westhuizen | Mariëtte Odendaal | Ds Anneri Viljoen-Potgieter | Dr Enrico Casaleggio | Dr Daniël de Wet, predikant in sinodale diens (PSD) Sinode van Wes-Kaapland | Magdaleen du Toit

## LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

## DAGBOEK DÍT

Die NG Kerk Vrystaat Vroueleraars Retreat vanaf **26-28 Junie 2023** te **Toscana Estate Gastehuis en funksie venue**, Bloemfontein.

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende Vrypos-uitgawe verskyn op **Vrydag 19 Mei**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


## BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



VRYPOS-FOKUS

# BESLUIT VAN DIE BUITENGEWONE SINODESITTING

## DINSDAG, 18 APRIL 2023

## GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS

AMPTELIK

**Hiermee die besluit van die Buitengewone Sinodesitting wat op Dinsdag 18 April 2023 te Geloofsentrum Universitas plaasgevind het:**

Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 in gesprek te tree en

**1.** haar standpunt ten opsigte van die Skrif en ons belydenisgrondslag as 'n gereformeerde kerkverband (soos gestel in besluite van die Sinode in Maart 2022 geneem) aan die Algemene Sinode deur te gee;




**2.** haar standpunt ten opsigte van sake soos in die genoemde beskrywingspunte van Maart 2022 geopper – ten opsigte van die huwelik, selfdegeslagverbintenisse en menslike seksualiteit; ten opsigte van die Bose en ten opsigte van teologiese opleiding – by wyse van 'n beskrywingspunt(e) soos in BYLAAG 19 uiteengesit, aan die Algemene Sinode oor te dra;

**3.** in die lig van hierdie standpunte van die NG Kerk Vrystaat (punt 1 en 2 hierbo), die Algemene Sinode te versoek om genoemde ter saaklike besluite van 2019 en vroeër in heroorweging te neem;

**4.** binne die ruimte van die Kerkorde (Artikels 23 en 35) opnuut haar verhouding met die Algemene Sinode uit te klaar en dié in Oktober 2023 te versoek om oor die toekomstige funksionering van ons algemeen-sinodale kerkverband te herbesin;

**5.** verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oopsien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie - met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree.

Bylaag 19 waarin die standpunte van die NG Kerk Vrystaat uiteengesit en as sodanig deur die Sinode goedgekeur is (punte 1 en 2 hierbo), vorm deel van hierdie besluit, moet daarmee saam gelees word en word daarom ook hierby aangeheg.

**BYLAAG 19**

**INHOUDELIKE STANDPUNT VAN DIE NG KERK VRYSTAAT 18 APRIL 2023**

Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 in gesprek te tree, dit aan die Moderamen op te dra om by sy vergadering in Mei 2023, 'n uitgebreide beskrywingspunt aan die komende Algemene Sinode te finaliseer en deur te gee, met die volgende strekking...

*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***

**Lees meer**

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

### 'n Reeks oor musiek en sang in die erediens

*Dr Suzanne van der Merwe*
*Erediens Netwerk*



Lees hier »

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volume 1 | Uitgawe 1-10

### *The Journal of Systematic Theology*

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*

Loer hier »

BEDIENINGSBEGELEIDING

Netwerke

### Jonk Vrystaat!

*Mariëtte Odendaal*




Lees hier »

BEDIENINGSBEGELEIDING

### Vrystaat Vroueleraars Retreat

*Ds Anneri Viljoen-Potgieter*
*Organiseerder*



Lees hier »

VENNOTE IN GETUIENIS

### Belydenisklasse van NG Kerk Fichardtpark en RCA kuier oor en weer

*Dr Enrico Casaleggio*
*Leraar van NG Gemeente Fichardtpark*



Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene

### Mobiele kliniek in Mosambiek

*Oorgeneem uit VrydagNuus 5 Mei 2023,*
*Sinode Wes-Kaapland*



Lees hier »

# *Vrystaat* Vroueleraars *Retreat*

## 26-28 JUNIE 2023 | BLOEMFONTEIN

met prof Yolanda Dreyer & Magdaleen du Toit




R700.00 per persoon
(alles ingesluit) | 10 VBO-punte

**Bespreek voor 9 Junie**
by Anelia (051) 406 6700 of
kuratorium@ngkvs.co.za

**Vir navrae kontak ds Anneri**

083 417 7431
anneriviljoen.87@gmail.com
www.ngkerkvrystaat.co.za

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Ring van Goudveld
## bring positiewe verandering in gemeenskappe

"As ek nou by die huis kom, gaan ek my hartjie vir Jesus gee!" So getuig ’n seuntjie van elf jaar oud toe 'n vrywilliger hom na die Jeugweekkamp, nog ’n projek van dié ring, gaan aflaai het.

“Working in the employ of the church for the past months have enabled me to live out the call of God in my life.” So getuig Arnold Motsau, ‘n Sotho-sprekende man wat danksy een van die Ring van Goudveld by een van hul projekte betrokke geraak het. Dit is hierdie ringsprojekte wat van ons gemeen-skappe beter plekke maak om in te leef – plekke waar die lig van Christus helder skyn.

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 beskikbaar gestel aan elkeen van die NG Kerk Sinode Vrystaat se 15 ringe om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun.

Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word. Wat die Ring van Goudveld betref, is daar by al drie die sinodale bedieninge ingeskakel, naamlik die Bedieningsbegeleiding, die Diens van Barm-hartigheid en ook by Vennote in Getuienis,” vertel ds Erich Cornelissen, ringskriba van die Ring van Goudveld.

**Vertel ons meer van hoe fondse ten bate van jul ringsprojekte aangewend is.**


“Ons het in totaal R40 000 vanaf die Sinode tot ons beskikking gehad; ’n bedrag van R10 000 van die 2021/22-boekjaar en R30 000 van 2022/23.

Lees meer »

Geredigeer deur
**Dr Henco Van Der Westhuizen**

*TO BE PUBLISHED BY WIPF AND STOCK, CASCADE (2023)*
*WITH A* ***FOREWORD BY GRAHAM WARD***

# *WE BELIEVE IN THE HOLY SPIRIT*





## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Loer hier** »




***Oorgeneem uit*** *https://www.worldmigratorybirdday.org*

***World Migratory Bird Day*** **(WMBD)** is 'n jaarlikse bewusmakingsveldtog wat die behoefte aan die bewaring van trekvoëls en hul habitatte beklemtoon. Dit het 'n wêreldwye uitreik en is 'n doeltreffende hulpmiddel om wêreldwye bewustheid van die bedreigings wat trekvoëls in die gesig staar, hul ekologiese belangrikheid en die behoefte aan internasionale samewerking om hulle te bewaar, te verhoog. Mense van regoor die wêreld neem elke jaar aksie en organiseer openbare geleenthede soos voëlfeeste, opvoedingsprogramme, uitstallings en voëlkyk-uitstappies om WMBD te vier. Al hierdie aktiwiteite kan ook enige tyd van die jaar onderneem word, want verskillende lande of streke neem die hoogtepunt van migrasies op verskillende tye van die jaar waar, maar die belangrikste dae vir die internasionale vieringe vanjaar vind plaas op die tweede Saterdag in Mei en in Oktober.

"**WORLD MIGRATORY BIRD DAY 2023** TO FOCUS ON WATER"

World Migratory Bird Day

**Loer hier**

# GELUKKIGE Moedersdag

## 14 MEI 2023

'n Ma se arms is 'n tuiste,
waar ons met liefde
omarm word en
altyd veilig voel.



NG Kerk Vrystaat



Competition
Mother's Day
Five lucky winners will each win a book hamper to the value of R1 000.
Klik hier


NÓÚ TE KOOP in alle CLF Boekw
Klik hier


VERKOOPSAGENTE VIR CLF BOEKSENTRUMS
CLF bied individue, gemeentes of organisasies die geleentheid om as Verkoopsagente vir CLF Boeksentrums aan te sluit.
1. SLUIT AAN
Kontak CLF om die nodige ooreenkomste en dokumentasie te voltooi om as Verkoopsagent vir 'n CLF Boeksentrum te registreer.
3. BEMARK
Verkoopsagente bemark die produkte deur die CLF Boeksentrum aan hulle netwerke, wyer ge-meentes en op hulle digitale platvorms om sodoende verkope te genereer.
2. PRODUKTE
4. VERDIEN
Klik hier



ENGO KINDER EN JEUGSORG BIED AAN:
MEESTERSTUK 2
KONSERT EN VERMAAK TEN BATE VAN: AMOR, GARDENIA, CARPE DIEM, ESPERANZA EN GLADSTONE JEUGSORGSENTRUMS
12 & 13 MEI 2023
@ LEOPARD AND LACE
R280 PER PERSOON
Kontak Marinique:073 566 0078
Klik hier


VAN ENGO SE OMGEE EN BORG 'N ROLSTOEL
Engo
ENGO.CO.ZA | WWW.ENGO.CO.ZA
Klik hier


Dit word winter
Y KAN 'N VERSKIL MAAK
Engo
Klik hier


THE STREET STORE
051 522 6806
bfnstreetstore@gmail.com
27 MEI 2023
Stel jouself as vrywilliger beskikbaar
Voorbereiding word getref om 4 000 van Bloemfontein se behoeftige mense te bedien, maar daarvoor is persone nodig om Jesus se hande en voete vir ander te wees.
Vir meer inligting
(051) 522 6806
bfnstreetstore@gmail.com
Gemeentes kan help met die insameling van klere, kos en
Klik hier


TUISVERSORGING KURSUS
Bloemfontein 8 Mei 2023 by Striata Aftree Oord
6 Maande SETA geakkrediteerde Tuis versorger Kursus wat bestaan uit 4 SAQA Eenheid Standaarde
GRATIA VIA ACADEMY (Pty) Ltd
Eenheidstandaard 260463 - Ondersteun die kliënt en sy/haar eggenoot/gesin/familie om tuisversorging te bestuur.
Eenheidstandaard 117009 - Pas beginsels vir palliatiewe sorg toe wanneer u hulp en ondersteuning aan die kliënt en familie bied om lewensbedreigende siektes te hanteer.
Eenheidstandaard 119559 - Pas kennis van die voorsiening en implementering van primêre gesondheidsorg toe.
Eenheidstandaard 119567 - Voer basiese prosedures vir lewensondersteuning en noodhulp uit.
Toelatings vereiste: Graad 10
Koste van die Kursus: R8500 ( Kontant R8000)
Registrasie Fooi: R2500
Afbetaling: R2000 / maand oor 3 maande
Kursus gelde sluit in al die studie materiaal en 1 uniform
Kontak asb. vir Ronel Beukes by 083 501 4416 of Kantoor: 072 2504828 /
Klik hier


2023
Jaarboek
van die
Nederduitse Gereformeerde Kerke
Klik hier

# PINKSTER

## HOOP IN HANDELINGE

Deur

**Dr Pieter van Jaarsveld**
*Emeritus-leraar van Bloemfontein en voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat.*



*Oorgeneem uit https://clf.co.za/resource-toolkit/*

### PENTECOST

### PINKSTER

Die naam van hierdie Pinksterreeks is "Hoop in Handelinge". Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritusleraar van Bloemfontein.

### ANDER HULPBRONNE

Kyk gerus ook HIER na ons jongste Preek-oordenkings, Webjoernale (Blogs) en Oordenkings wat op CLF se Hulpbronsentrum gelees en gedeel kan word.

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

## Dink nuut oor jou bediening

8, 15 en 29 Mei 2023 | Die volgende module in hierdie kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening: "Hoe lyk ons identiteit as predikante?"

Lees meer + Registreer +

## Die jaar van God se genade

17 en 18 Mei 2023 | Die volgende van vanjaar se kreatiewe Liturgiewerkswinkels oor die viering van die kerklike jaar - "Die jaar van God se genade: Koninkrykstyd".

Lees meer + Registreer +

## Emmaus-beweging

Inligting oor die Emmaus-beweging van Suid-Afrika. Vir navrae kontak asseblief vir Walter Sutton by 082 778 2801 of e-pos walteranso@gmail.com

Lees meer +

## Pastorale Beradingskursus

20 Mei 2023 | Kursus is gebaseer op die boek, *Raising boys by design*, deur Gregory Jantz (Christen sielkundige) en Michael Gurian (outoriteit op brein-funksies).

Lees meer + Kaart +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUWE PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: **helene@bmedia.co.za**

Bybel-Media

**Publikasie**

*Betereinder*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**

*Kanaän*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**

*Van vrees na vrede*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

BEKEND

**Andrew Murray-prysfonds se pryse en toekennings vir 2023**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Boeke en Media, Verklarings, 18 April 2023*

**NG Kerk Vrystaat: 'Ons tree in gesprek met Algemene Sinode' – Jan Lubbe**

*Oorgeneem uit Kerkbode, @sinode 18 April 2023*

**NG Kerk Vrystaat: Meerderheid wil in gesprek bly met Algemene Sinode en ander streeksinodes**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Redakteursbrief, 21 April 2023*

**Red 'n Plaas Camino: Groot stap gaan draai by R1 miljoen se fondse om Noord-Kaapse boere te help**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Nuus 24 April 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## PELLISSIER

LUGGEWEER JAG PRETSKIET

**TEN BATE VAN DIE BOUFONDS**

Bloemfontein Skietsentrum
R250 (sluit vleispakkie in) | R50 (Kinders)

| 06 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## BERG-EN-DAL

DAG VAN HOOP EN HELING

**PROF WENTZEL COETZER**

Trauma en oordrag na ons kinders
Oggenddiens om 09:30 I Werkswinkel om 16:00

| 07 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## HUGENOOT

GHOLFDAG

**BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB**

R1,500 p/vierbal | *American Scramble*
*Besprekings by baan @ (051) 447 0906*

| 12 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## ZASTRON

BASAAR

**09:00 BY NG GEMEENTE ZASTRON**

Koekversier-kompetisie, Bybel oorskryf
en vele meer

| 19 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk
Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS







# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Oorgeneem uit Kerkbode | 24 April 2023** | Amptelik Nuus

**Ds John Matthews**, van NG Gemeente Vier Ankers in Sasolburg, is beroep na NG Gemeente Heuwelsig, Bloemfontein. Tydens dieselfde kerkraadsvergadering van NG Gemeente Heuwelsig, gehou op 20 April 2023, word **ds Chris de Vries**, amptenaar van Vennote in Getuienis van Sinode Vrystaat as gekoppelde tentmakerleraar beroep na NG Gemeente Heuwelsig, Bloemfontein. **Ds Marius Collin Barnard**, van NG Gemeente Hofmeyer, is op Sondag 16 April 2023 by NG Gemeente Kroonstad-Oos bevestig.

**Oorgeneem uit Kerkbode | 28 April 2023** | Amptelik Nuus

**Ds Janke Hurter**, wat die beroep as jeugleraar na NG Gemeente Berg-en-Dal, Bloemfontein aanvaar het, se bevestiging en intreepreek het plaasgevind op Sondag 23 April te NG Gemeente Berg-en-Dal. Ds Jan Lubbe het die bevestiging waargeneem. Ds Hurter se bevoegdheid het verander van proponent na leraar. **Ds Pieter Prinsloo** van NG Gemeente Kroonstad-Wes het die beroep na NG Gemeente Sasolburg-Tuinedal (dolerend) aanvaar. Hy lewer sy intreepreek op 4 Junie 2023.

**Ds Frans Oosthuizen**, van NG Gemeente Universitas-Wes, het op 31 Maart 2023 demissie ontvang en **ds Mossie Mostert**, van NG Gemeente Oranjeville, het op 30 April 2023 geëmeriteer.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslerаars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE



## Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## MEI »

**05** Ds Horace van Coller
**DEWETSDORP**

**07** Ds Hannes van Deventer
**VILLIERS**

**20** Ds Barnard Steyn
**SINODALE KERKKANTOOR**

**20** Ds Etienne Nolte
**CLOCOLAN**



**Magdaleen du Toit** | Sameroeper van die Spiritualiteit Netwerk

# Moederliefde **kom van God**

## *Binnekort vier ons Moedersdag.*

Ma, mamma, mams, moeder, moeks, moeksie – baie name wat 'n aanduiding gee van die gehalte van 'n verhouding tussen ma en kind. Moederskap: 'n Kosbare faset van menswees, 'n konsep wat ons assosieer met sorg, omgee, beskerming, opoffering, geduld, aanmoediging, grappies, speel, voed, opvoed, vorm ...

Nege maande lank is ons gedra onder die hart van 'n ma, en dan volg die 'uitwendige swangerskap': Nog baie maande waarin die onkapabele babatjie gevoed, gekoester en versorg moet word. Ek kyk onlangs na die geboorte van 'n vulletjie op die internet, hoe die diertjie reeds kort ná geboorte rondsteier op wankelrige beentjies. Dis nie die geval met 'n mens-baba nie, daar moet nog maande lank gesorg word voordat die babatjie min of meer self kan funksioneer. Geen wonder nie dat 'mamma' gewoonlik die eerste woord is wat 'n kleintjie baasraak.

Maar dis nie net die mamma wat 'n mamma-hart het nie. Ook pappas beskik oor hierdie instink van omgee en versorging. As ons moedersdag vier, dink ons veral aan die kwaliteit van bemoedering, waar dit ook al voorkom en gedy: By ouers, in skole, in gemeentes, in baie strukture in die gemeenskap.

Natuurlik is daar ook die gekweste mammas, die 'unmothered mothers', wat nie regtig die liefde kan gee wat 'n kleintjie nodig het nie. Kinders kyk soms met wrewel terug na 'n kindertyd wat gekenmerk was deur koudheid, ongenaakbaarheid, selfsug by die mamma, inkonsekwente dissipline, onregverdige straf. Hierdie patroon word soms in die volgende geslag voortgesit, omdat dit as die norm beleef is. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid dat ons met 'moederharte' deur die lewe moet gaan, sensitief moet kan aanvoel waar 'n bietjie aandag en moederlikheid momenteel 'n verskil kan maak aan 'n gekweste siel wat ons pad kruis.

**Lees meer** »



Foto: **Magdaleen du Toit**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Woensdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk
Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking